DIRK SE MIELIETERT

DIRK SE MIELIETERT
Hierdie is lekker saam met braaivleis
4 eiers
2 groot blikke roommielies
60 ml koekmeel
60 ml gesmelte botter
60 ml suiker
15 ml bakpoeier
Meng alles met ‘n hand klitser en gooi in ‘n oondbak en bak vir 40 minute teen 180 ºC tot goudbruin.

FOTO: Eileen Zeelie Ackermann en Marie Rheeder Troskie

Anne Snyman
Ek het dit vannaand gemaak by ons braaivleis, gebraaide uie bygevoeg en dit was heerlik. O ja, en ek het geen suiker bygevoeg nie, aangesien die sweetcorn self soet is. Ek het ook kaas ingesit. Dit was heerlik.

Veronica Kern
Hierdie is die lekkerste resep. Regtig nie room nodig nie. Ek gebruik altyd 1 blik geroomde mielies en 1 blik heelpit mielies.

Meisie Van Der Colff

Gisteraand het my dogter die mielietert gebak vir ‘n braai vanaand. Sy het 1 blikkie ekstra mielies bygesit om groter tert te maak so die bestanddele was 3 blikkies, 6 eiers en die res 100ml bakpoeier 20 ml gemaak.